

Wes-Kaap middagseminaar

WOENSDAG: 27 FEBRUARIE 2019 – Paul Roos Gimnasium

DONDERDAG: 28 FEBRUARIE 2019 – Hoërskool Bellville

		14:40 – 15:30		15:40 – 16:30
Algemeen	REGISTRASIE EN VERWELKOMING	Dissipline in die klaskamer	WISSEL	Vasbyt maak leerders suksesvolle volwassenes
		Dr. Danie Brink		Dr. Danie Brink
Algemeen		Jou gesindheid bepaal jou skool se gesondheid		Denkvaardighede – Sit 'n ander hoed op
		Hugo Vermeulen		Hugo Vermeulen
Algemeen		Afrikaanse onderwys ding mee met die wêreld se bestes		Denkvaardighede – Sit 'n ander hoed op
		Melanie Buys		Melanie Buys
Wiskunde Gr 10 – 12		Trigonometrie: Wat wys ons nie		Getalpatrone
		Valentyn van der Merwe		Valentyn van der Merwe
Wiskunde Gr 4 – 9		Wanneer algebra met meetkunde trou is die kind 'n visuele kunswerk		Die nommers om ons vertel 'n storie
		Johan Koekemoer		Johan Koekemoer
Wiskunde		Klaskamer-speserye Graad 6 – 12		Wat is “Logs”? Waar kom dit vandaan? Graad 11 – 12
		Lamprecht Lotter		Lamprecht Lotter
Fisiese Wetenskap Gr 10 – 12		My Fisiese Wetenskap gereedskapskis vir 2019		Chemiese komposisie (Met 'n verskil)
	Celeste Labuschagne	Celeste Labuschagne		
EBW Rekeningkunde Gr 8 – 9	Beginsels wat elke graad 8 en 9- Rekeningkunde-leerder moet bemeester (1)	Passie en rekeninge in balans		
	Lizelle Borchers	Lizelle Borchers		
Grondslagfase Gr 1 – 3	Is jy in of is jy uit?	Slangetjie skryf vir 'n “Dory”		
	Marnelda de Beer	Marnelda de Beer		
Afrikaans Gr 8 - 12	Kry Transaksionele Skryfwerk vinnig onder die knie!	Doop jou bordkryt in kreatiewe ink – integreer jou onderrigkleurpalet só ... KEER sommer “PIRLS” so om.		
	Marié Gräbe	Marié Gräbe		
Afrikaans Gr 4 – 7	Trek die “spel-angel” uit	'n Sin begin by 'n woord		
	Jana Terblanche	Jana Terblanche		

REGISTRASIE

STAP 1:

Betaal die registrasiefooi van **R250 per persoon** in die volgende rekening: **(GRATIS VIR SOS-LEDE)**

Bank: FNB

Rekeningnaam: Vereniging vir Afrikaanse Wiskunde-onderwysers

Rekeningnommer: **62350920651 (Takkode: 250655, Tak: Centurion, Tipe: Tjekrekening)**

Verwysing: **SOS-27/28Feb: u skool se naam / u voorletters en van**

STAP 2:

E-pos die bewys van betaling aan admin@skole.co.za.

STAP 3:

Voltooi die inskrywingsvorm (Excel-dokument) elektronies en e-pos hierdie dokument ook aan admin@skole.co.za.

Let wel:

1. Die sperdatum vir registrasie is: **Maandag, 25 Februarie 2019**
2. E-pos hierdie voltooide registrasievorm en die inskrywingsvorm na admin@skole.co.za.
3. Elke onderwyser se persoonlike kontakbesonderhede moet volledig ingevul word op die inskrywingsvorm.
4. Elke onderwyser moet aandui watter sessies hulle gaan bywoon vir administratiewe-doeleindes.

SOS-groete.



Hugo Vermeulen

Hoof: Opleiding - Skoleondersteuningsentrum

Beskrywing van sessies

Algemeen

Dissipline in die klaskamer

*Ontvang SACE-punte vir die bywoning van hierdie

Aanbieder	Dr. Danie Brink
Inhoud	'n Wedstrydplan vir suksesvolle dissipline in jou klaskamer

Vasbyt maak leerders suksesvolle volwassenes

Aanbieder	Dr. Danie Brink
Inhoud	Kom ons leer weer ons kinders om vas te byt en deur te druk

Jou gesindheid bepaal jou skool se gesondheid

*Ontvang SACE-punte vir die bywoning van hierdie

Aanbieder	Hugo Vermeulen
Inhoud	Gesindheid het 'n groot invloed op 'n skool se leierskap en spanwerk van die personeel. Kom luister na waar verskillende gesindhede vandaan kom en maniere hoe mense se gesindheid verander kan word.

Denkvaardighede – Sit 'n ander hoed op

Aanbieder	Hugo Vermeulen
Inhoud	Ons stof bietjie Edward De Bono se bekende denkhoede af as 'n unieke onderrig metode om leerders se denkvaardighede te stimuleer en ontwikkel.

Afrikaanse onderwys vergelyk ding mee met die wêreld se bestes

Aanbieder	Melanie Buys
Inhoud	Hoe presteer Afrikaanse skole as ons hul prestasie aan internasionale studies soos TIMSS en PIRLS meet?

Berei skole leerders voor vir die robot-era?

Aanbieder	Melanie Buys
Inhoud	Hoe kan ons verseker dat leerders in die nuwe werkomgewing van "Artificial Intelligence" en robotte verseker is van werk?

Wiskunde

Trigonometrie: Wat wys ons nie

Aanbieder	Valentyn van der Merwe
Inhoud	Ons ondersoek 'n paar trigonometriese funksies, herleidings en vergelykings vir interessante verwantskappe

Getalpatrone

Aanbieder	Valentyn van der Merwe
Inhoud	Ondersoek die onderwerpe oor Rekenkundige en Meetkundige patrone, belangrike eienskappe wat leerders moet sien en afleidings wat gemaak moet word. Hoe onderrig ons die onderwerp om te verseker te konsep word goed vasgelê?

Wanneer algebra met meetkunde trou is die kind 'n visuele kunswerk

Aanbieder	Johan Koekemoer
-----------	------------------------

Inhoud	Wiskunde onderwerpe soos Algebra en Meetkunde is nie silo's nie. Alles in Algebra kan meetkundig voorgestel word en ook andersom. Onderwysers kan dit as 'n pedagogiese hulpmiddel gebruik om alle leerders te bereik
--------	---

Die nommers om ons vertel 'n storie

Aanbieder	Johan Koekemoer
Inhoud	Dié sessie handel oor die getalstelsel wat ons vandag het se historiese storie en hoe ons dit in ons daaglikse lewe kan sien.

Wetenskappe

My Fisiese Wetenskap gereedskapskis vir 2019

Aanbieder	Celeste Labuschagne
Inhoud	Wat moet ek as onderwyser byderhand hê vir 2019 om dit 'n suksesvolle akademiese jaar vir my sowel as my leerders te maak? Ons pak in hierdie sessie ons gereed-skapskis vir 2019!

Chemiese komposisie (Met 'n verskil)

Aanbieder	Celeste Labuschagne
Inhoud	Werk 'n unieke les uit, op 'n kreatiewe manier, om organiese chemie genotvol en verstaanbaar te maak. Bring u kreatiwiteit saam!

Rekeningkunde:

Beginsels wat elke graad 8 en 9- Rekeningkunde-leerder moet bemeester (1)

Aanbieder	Lizelle Borchers
-----------	-------------------------

Passie en rekeninge in balans

Aanbieder	Lizelle Borchers
-----------	-------------------------

Grondslagfase:

Is jy in of is jy uit?

Aanbieder	Marnelda de Beer
Inhoud	Word jy wakker met 'n alarm, of word jy wakker met 'n ROEPING? Begin elke kind in jou klas met 'n 10? Inklusiewe leerders is dikwels UIT. Kom kry hope inspirasie en praktiese wenke om inklusiewe leerders IN jou klas te akkomodeer. WEES DIE BESTE IN DIE WÊRELD, WEES DIE BESTE VIR DIE WÊRELD.

Slangetjie skryf vir 'n "Dory"

Aanbieder	Marnelda de Beer
Inhoud	Die kreatiewe skryfproses kan erge hoofpyn veroorsaak. Hoekom sukkel leerders om kreatief te dink en te skryf. Dit is die verantwoordelikheid van die onderwyser om kreatiwiteit aan te moedig. Vryspel, lees en skeppende kuns beïnvloed 'n kind se kreatiwiteit. Watter aspek kan ek nog meer ontgin in my klas?

Afrikaans:

Kry Transaksionele Skryfwerk vinnig onder die knie!

Aanbieder	Marié Gräbe
Inhoud	Dié afdeling, Transaksionele Skryfwerk, word tradisioneel nie ernstig genoeg deur leerders opgeneem nie. Indien daar in ag geneem word dat Transaksionele Skryfwerk 50 punte tel – meer as enige taal- of letterkunde-afdeling, kan leerders Pasella Punte (!) hiermee verdien.

Doop jou bordkryt in kreatiewe ink – integreer jou onderrigkleurpalet só ... KEER sommer “PIRLS” so om

Aanbieder	Marié Gräbe
Inhoud	Geïntegreerde onderrig vorm deel van kreatiewe klasgee. Wenke sal voorgestel word waardeur die verskeidenheid tekssoorte, assesserings- en skryfopdragte kreatief in die Afrikaans Huistaal-klaskamer tot 'n kleurvolle taalpalet geïntegreer kan word. Hiermee saam word praktiese leiding gegee om leerders se “leesbegrip” na aanleiding van PIRLS te ontwikkel.

Trek die “spel-angel” uit

Aanbieder	Jana Terblanche
Inhoud	Die Genootskap van Regte Afrikaners het gesê: “ons skryf soos ons praat” en daarmee bedoel dat Afrikaans 'n fonetiese taal is waar klanke en letters min of meer met mekaar ooreenkom. Tog weet ons as almal net bloot op hierdie reël gaan terugval, ons taal sal krioel van spelfoute – kyk maar net hoe leerders foneties boodskappe tik op WhatsApp... “Hu gan dit?”

'n Sin begin by 'n woord

Aanbieder	Jana Terblanche
Inhoud	Afrikaans is 'n boublokketaal wat met 'n woord hier en 'n brokstuk daar nuwe woorde opmaak. Om beter te spel en te skryf, moet jy net weet uit watter boublokkies 'n woord/sin bestaan.